

JAN MARAISPRYS VIR WETENSKAPLIKE PRESTASIE IN AFRIKAANS: 2018

Stellenbosch, 30 Mei 2018

deur Andreas van Wyk, voorsitter van die Keurkomitee

Die Jan Maraisprys vir 'n buitengewone bydrae tot Afrikaans as akademiese taal is drie jaar gelede op 30 Mei 2015 bekend gestel in Johannes Henoch Marais se historiese woning op Coetzenburg langs die Eersterivier hier in Stellenbosch. Die geleentheid was die honderdjarige herdenking van die sterfdag van 'n merkwaardige man wat 'n passie vir sy taal en die sprekers daarvan gehad het.

Gebore in 1850 as die jongste seun van 'n eenvoudige boerefamilie het hy en sy broers in die 1870's en 1880's deur sweet en toewyding op die Kimberleyse diamantvelde hulle fortuin gemaak in mededinging met formidabele kapitaliste soos Rhodes en Barnato. Terug in Stellenbosch in 1890 het hy sy geld en talente aangewend om die belange van *sy mense* op vele terreine te bevorder in die moeilike tye na die Anglo-Boereoorlog en tydens die Rebelle en Eerste Wêreldoorlog. Sy monumente is nog orals te sien: *Si monumentum requiris, circumspice...* : onder andere Nasionale Pers, die Universiteit Stellenbosch, en Het Jan Marais Nasionale Fonds ter bevoordeling van die Afrikaanssprekendes van Suid-Afrika, met voorkeur aan die distrik Stellenbosch, om sy testament te parafraseer. Saam met Naspers en die US borg hierdie merkwaardige fonds die prys.

As ek sê "sy mense" dan bedoel ek daarmee alle Afrikaanssprekendes. Jan Marais was, ten spyte van sy latere rykdom, bekend as 'n toeganklike man. As student in die 1960's het ek nog dikwels gehoor hoe hy smidde op sy huis se breë stoep gesit het en hoe Stellenbossers van alle agtergronde en velkleure dan met hom 'n praatjie kom aanknoop het, en soms ook 'n handjie uitgehou het. Hulle is nooit weggewys nie want hulle was sy mense.

Die Jan Maraisprys is nie 'n prys vir navorsing oor Afrikaans nie, maar 'n prys vir ENIGE navorsing in Afrikaans. Alhoewel ook navorsers oor Afrikaanse letterkunde en taalkunde vir die prys kwalifiseer (en ons teweens vanaand welverdiende erkenning aan prof Van Rensburg juis hiervoor gee) wil ons ook ons ekonome, ons natuurwetenskaplikes, ons ingenieurs en ons sosioloë aanmoedig om aan te hou om Afrikaans as algemene wetenskapstaal te gebruik. Dit is nie 'n beperking nie, maar eerder 'n verruiming as mens breër as net die volgende *Index of Citations* dink.

Die doel van die prys is "*erkenning vir 'n uitstaande bydrae tot Afrikaans as wetenskapstaal deur wetenskaplike werk en publikasies op hoë vlak en*

van hoë gehalte in Afrikaans". Juis in hierdie tye wanneer ons taal op hierdie vlak bedreig word deur enge en kortsigtige besluite deur verskillende owerhede en instellings, moet die ongelooflike prestasies wat reeds in Afrikaans behaal is, erken en gevier word.

Sowel MARINUS WIECHERS as CHRISTO VAN RENSBURG is "*public intellectuals*" in 'n tyd wanneer ons Afrikaanssprekende mense se stemme in die openbare debat ongelukkig baie stil geraak het. Ten dele is dit omdat daar soveel geraas in die hedendaagse openbare ruimte is, maar ook omdat groot segmente van die diverse Suid-Afrikaanse bevolking hulle gemarginaliseer voel en daarom verkies om "laag te lê". Die ironie is dat juis proff Van Rensburg en Wiechers 'n groot rol gespeel het om 'n raamwerk te skep waarbinne al hierdie groepe se stemme luid en duidelik gehoor kan word, eersgenoemde deur sy blootlegging van die breë wortels en vertakkings van Afrikaans en laasgenoemde deur sy bydrae tot die juridiese grondslae van ope gesprekvoering en geregtigheid vir almal in ons land. Gelukkig skep die huidige politieke dinamika weer die hoop dat hierdie belofte verwesenlik sal word, die belofte van 'n samelewing gebaseer op reële legaliteit en legitimiteit. En 'n werklike samelewingsgesprek in al die klanke van ons mense.

Die keurkomitee het daarom besluit om vanjaar se prys van R0,5 miljoen gesamentlik aan proff Christo van Rensburg en Marinus Wiechers toe te ken. Ons sou dit graag, soos gebruikelik, aan albei here op 30 Mei hier in Stellenbosch, Johannes Henoeh Marais se geboorte- en hartsplek, wou oorhandig het, maar prof Wiechers se gesondheid het 'n ander besluit genoodsaak. Daar was dus op 25 April 'n funksie by die Suid-Afrikaanse Akademie se pragtige hoofkantoor teen Meintjieskop in Pretoria waar dit my voorreg was om die gedeelde prys aan Marinus in sy rolstoel in 'n kring van sy vriende en kollegas toe te ken.

Ek vat die *laudatio* wat ek toe op Marinus Wiechers, ook oud-rektor van die Universiteit van Suid-Afrika, gelewer het, kortliks saam. Oud-Tukkie prof Wiechers se bydrae tot Afrikaans as wetenskapstaal op die gebied van veral die Administratiefreg is van kernbelang en sal dit bly. Van 'n ongeordende en kasuïstiese vakgebied het hy 'n regsraamwerk geskep wat ook buite ons grense erken word. Dit is 'n raamwerk wat sedert 1994 elke dag in belang toeneem en wat die lewens van miljoene mense raak, ook al weet hulle dit nie. **Dit is 'n raamwerk wat sentraal tot ons regstaat is.** Dit behels Afrikaanse terminologie wat sal oorleef en ook in die toekoms die basis van besluitneming en gesprek sal vorm, selfs in ons huidige Engels-oorheersde regsomgewing. Om die voorstellers aan te haal: "*Marinus Wiechers se aansien strek verder as Afrikaans; maar Afrikaans het Marinus Wiechers sy aansien gegee*".

Die lekkerte is verder dat Marinus 'n besondere mens is, 'n Renaissancemens: kunstenaar, musiek liefhebber, kollega, vriend, vader, iemand wat ons nie sal vergeet nie.

Prof Christo van Rensburg se bydrae word kragtig saamgevat in die nominasiebrief: "*Prof van Rensburg se hele loopbaan het in diens gestaan van Afrikaans en danksy hom het verskeie uiters belangrike sienings oor die taal as studieterrein en oor die taal se herkoms na vore gekom. Reeds sy werk as kenner van Afrikaans se historiese variëteite en ook sy navorsing rakende die herkoms van Afrikaans, in die besonder die invloed van Khoi-Afrikaans, maak hom een van die belangrikste rolspelers nóg in die geskiedenis van die Afrikaanse taalkunde*". Hoë lof inderdaad.

MCJ van Rensburg het sy akademiese spore aan die Universiteit van Pretoria verdien. Daarna het hy sy horisonne verbreed aan die tradisieryke Europese universiteite in Leuven in Vlaandere en Marburg in Duitsland, albei met ou bande met Suid-Afrika. Sy loopbaan as dosent en navorser het hom daarna oor die jare in diens van Tukkies en Kowsies geplaas, met die langste verbinding tog met UP. Sedert sy aftrede het hy sterk bande met die Potchefstroomse kampus van die Noordwes Universiteit gevestig en deesdae woon hy in Klerksdorp.

Hy was die outeur of mede-outeur van 15 boeke, 45 navorsingsartikels en 35 hoofstukke in boeke. Sy aansien op sy vakgebied is internasionaal en sy boek oor die geskiedenis van Afrikaans (*So kry ons Afrikaans*, 2012) word tans in Engels vertaal. Ook vertalings in ander Europese tale is ter sprake.

Christo van Rensburg het veral diep spore getrap deur sy versoenende navorsing en publikasies wat duidelik aantoon dat die siening van ons moedertaal as 'n "witmanstaal" 'n ideologiese verwringing van die waarheid was en is. Deur sy studie van Kaapse Afrikaans, Oosgrensafrikaans en Oranjerivierafrikaans het hy nuwe lig op die herkoms van ons taal gewerp. Ook die politiek van Afrikaans het hy onder die soeklig gehad met sterk pleidooie vir die demokratisering van Afrikaans. Sedert sy aftrede bemoei hy hom veral met die aard en omvang van die invloed van die Khoi-Khoi op wat hy Beginafrikaans noem, 'n onderwerp wat my as Afrikaansspreker fassineer.

Christo van Rensburg is 'n taalwetenskaplike van internasionale formaat, soos Marinus Wiechers 'n regsgeleerde van dieselfde formaat is. Ons kan trots wees op wat albei van hulle in Afrikaans vermag het. En mag daar nog vele wees wat in hulle voetspore volg.
